

**BEROEPENUUS— 10 Feb. 2013****Beroepe ontvang**

Ds. RP Buys van Nelspruit na Delmas

**Beroepe aanvaar**

Prof TD Mashau van Teologiese Skool Potchefstroom na GK Pretoria-Brooklyn as medeleraar kragtens Kerkorde, artikel 7 met besondere opdrag en taak om 'n kerk te vergader in die Sunnyside gebied, Pretoria.

**God se Woord onveranderlik - ook vir homoseksuele (prof. GJC Jordaan)-  
vervolg van verlede week****Almal in sonde ontvang en gebore**

Maar as ons weier om ons sondes voor Hom te erken, as ons op allerhande maniere onself probeer verontskuldig, byvoorbeeld deur te sê "ek is maar so gebore", of deur die Bybel "in konteks" te probeer sien, of deur die waarskuwings van die Bybel as "mensewoorde" te verontagsaam, loop ons moedswillig en eiewillig oop-oë in die oordeel van God in. Dan is daar geen versoening vir die sondes meer oor nie (Heb. 10:26).

**Tug is liefdesbeoefening**

'n Laaste bewering wat in die TV-program opgeduik het, en wat helaas dikwels in ons eie gesprekke opduik, is dat die kerk met liefde in plaas van met tug moet optree. Die "liefdeloosheid van die kerk" teen homoseksuele persone is 'n baie gewilde aanklag van ons tyd. Dat die kerk liefdeloos kan optree, is waar. En dat die kerk soms werklik liefdeloos optree, is ongelukkig ook waar. Maar die tug is nie liefdeloos nie. Inteendeel, die afwesigheid van tug is juis liefdeloosheid! Juis uit liefde het die kerk die opdrag ontvang om diegene wat op die pad van die sonde is, terug te roep na gehoorsaamheid. As die kerk versuim om dit te doen, is hy soos 'n wagter op die stadsmuur wat die inwoners nie waarsku as die vyandaankom nie. Hulle bloed is op sy hande (vgl. Eseg. 37).

Juis uit liefde moet die kerk dus ook homoseksuele lidmate met hulle sonde konfronteer. En as hulle, soos sondaars maar dikwels maak, weier om hulle sondes te bely en sonder berou op hulle pad volhard, mag die kerk nie stilsit nie. Stilsit en stilbly sou liefdeloos wees. Dan moet die pad van Matteus 18 met so 'n lidmaat gevolg word. *Word vervolg*

**KATEGISMUS- 450 jaar**

Donderdag 14 Maart 2013 word ons uitgenooi na 'n gesprek oor die Kategismus wat DV sal plaasvind by die Gerf Kerk Oos-Moot. Dit begin om 16h00 en hulle beoog om 21:55 klaar te maak. Die program, al die tye, besonderhede en sprekers is op ons kennisgewingsbord aangebring. Dit word sterk aanbeveel. Belangstellendes kan ook met ds. Petrus hieroor kontak.

Vandag- Wynand Du Venage 0834588765	14/02- Piet van der Kooi 0729011051
Vandag- Martin Tredoux 0828249398	16/02- Amelia Boshoff 0123230248
11/02- Frank Laubscher 0823462299	16/02- Kariena van der Walt 0826588957
12/02- Irma Grobler 0825699822	17/02 Ruben Venter 0844053309
12/02- Tiaan Schalekamp 0799138292	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Help jou buurman sy kruis dra en jy sal jou verwonder hoeveel ligter jou eie sal word

—CJ Langenhoven

# Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)**

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder  
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za)

Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154


Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

10 Februarie 2013

**EERSTE EREDIENS—(9h00 )**

(Voorbereiding)

**Skriflesing:** Johannes 8:1-11

**Teks:** Johannes 8:6-9

**Sing:** Ps. 48:4,5; Ps. 51:1; Ps. 61:1,4;  
Ps. 51:3,5

**OP DIE DAAD BETRAP!**

Die Fariseërs en Skrifgeleerdes haat Jesus in werklikheid baie méér as wat hulle ooit oor die vrou in haar sonde begaan is. Hulle sou baie graag meer klippe op Jesus wou gooi as wat hulle werklik die vrou met klippe doodgooi.

Ons het haar klaar gevang, kan ons nou maar net Jesus ook uitvang. Dit is hulle aanslag, hulle dubbele plan, die aas aan die hoek kom via die vrou, as Jesus ons hoek vasbyt, dan het ons Hom in ons lis en planne gevang.

Joh. 8:6 maak dit duidelik- *6 En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe.*

In hierdie skrywe kyk ons ná die **Woord, die swye en die gewete...**

**KATKISASIE—** Katkisasie gaan vandag voort.

**TWEEDE EREDIENS— (ná katkisasie)**

**Skriflesing:** Romeine 6:1-23; 7:14-26

**Dordtse Leerreëls —**Hoofstuk 5

Paragraaf 1—2

**Teks:** Romeine 6:11

**Sing:** Ps.119:20; Ps. 119:26; Sb. 33:1,3

**DIE NOODSAK OM AS  
VERLOSTE TE VOLHARD**

Hoofstuk 5 wat as die laaste hoofstuk van die Dordtse Leerreëls vandag begin, staan weer ten volle in aansluiting by die vorige hoofstukke. Dit gaan oor hoe God sy kinders wat Hy verlos het, kragtig bewaar. Daar is nie een wat onder die beskerming van die Here verlore kan gaan as God hom/haar uitverkies het nie. As God ons nie in hierdie lewe in sy hande bly hou nie, as God ons nie die hele tyd van ons lewe op aarde bewaar nie, dan sal ons die einde nooit bereik om as geredde kind van God te volhard nie.

Om as gelowige kind van die Here te bly volhard is gawe en vrug van die goddelike bewaring. Ons kan hier dink aan hoe Paulus vir die Filippense dit uitlê in hfst..1:6- ... *dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.*

**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)**

**Vandag-Wyke 14 en 16**  
Ouderlinge: Flip Minnaar en Rudolf Bester  
Diakens: Abrie Möller

**Volgende Sondag- Wyke 17 en 18**

Ouderlinge: Frank Laubscher en Frikkie van Schalkwyk  
Diakens: Adrianus Coertze en Willem du Plooy

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

Br Piet van der Kooi word aan die genadetroon van die Here opgedra. Hy het weer 'n aanval gehad waar hy in die hospitaal opgeneem was. Intussen is hy weer ontslaan. Ons vertrou dat die Here hom vanuit hierdie terugslae sal sterk maak. **Sr's Petro Riphagen en Marie Eloff** wat beide in hierdie tye operasies ontvang het, is ons vertrou dat hulle spoedig ten volle mag herstel. **Ds. Andries Mulder** is ons gebed waar hy tuis is hy na behore kan herstel. **Br Dries de Ridder** wat vir lang tye erge moegheid ervaar en asemnood ervaar dra ons aan die genadetroon van die Here op. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Sr Cora Kruger** is ons dankbaar dat sy na Harmoniehof kon terugkeer. Ons vertrou dat sy nog verder mag aansterk. **Br. Phil van der Merwe (Suidkus)** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Hy kry die laaste tyd baie swaar met sy gesondheid.. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons bid ook vir **dr. Johannes Bingle**, broer van **sr Margaretha Coetzee** wat geruime tyd weer in die hospitaal moet deurbring., oor sy niere.

**ALMANAKKE–**

Ons jaar kalenders vir 2013 is gereed. Dit kan by die konsistorie afgehaal word of anders moet u u ouderling daarna vra. Die boekie vir ons susters wat as hulle aankondiger dien is ook gedruk. Daarin is al die skinkbeurte, verjaardae, tel-nommers en alle ander sake vir 2013 opgeneem. Dit kan by die deure afgehaal word.

**SUSTERS-SAAMTREK 2013**

Die saamtrek van ons susters vind DV op 9 Maart 2013 plaas. Hierdie jaar word dit deur die susters van die Gerf kerk Akasia aangebied. Die tema vir die saamtrek is– *Gelowige vrou altyd diensbaar waar God jou in sy Koninkryk wil gebruik.* Die spreker sal wees dr. Mariana van Loggerenberg. Fanie de Jager sal as gaskunstenaar optree. Koste is R100-00. Laat weet asb. so gou moontlik vir sr Christine wie die saamtrek wil bywoon. Sy sal vroeg in Februarie die getal moet deurgee.

**WEBWERF / BAKKIESBLAD**

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is <http://bit.ly/XLITik> Facebook is [on.fb.me/14sXfbM](https://www.facebook.com/14sXfbM)

**KOLLEKTE**

Vandag: 1ste diens	DVB	Emeritaat
2de diens	DVB	Instand-houding
17/02/2013 1ste diens	DVB	Emeritaat
2de diens	DVB	Instand-houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
09/02	Oudl toerusting
09/02	Algemene susters-verg
10/02	Voorbereiding
16/02	65+ Onthaal
17/02	Nagmaal

**SUSTERS-VERG.–9 Feb. 2013**

Ons susters wil die nuwe jaar afskop met 'n werksdag. Kom help asb. om op 9 Feb. 'n groot poging aan te wend om ons kombuis en spens weer netjies en skoon te kry. Ons hou eers 'n kort vergadering waarna ons met die skoonmaak aksie gaan begin. Tyd 10h00

**SUSTERS– ETE NÀ NAGMAAL- 17 Feb. 2013**

Koue hoenderstukkies of frikkadelle of koue tong, aartappelslaar, wortelslaai, beet en broodjies

**OUDL– TOERUSTING– 9 Feb. 2013**

Ons ouderlinge het versoek dat hulle graag 'n toerusting-geleentheid wil ontvang. Komende Saterdag wil ons dan begin deur te praat oor die-

**Doel en inrigting van huisbesoek.**  
**Ons begin DV om 9h00**

**PAUL KRUGER-KINDERHUIS**

Ons vestig net u aandag op die SMS-nommer wat u kan skakel om aan die kinderhuis 'n bydrae te maak. Al wat u moet doen, is om die woord PKK te SMS na nommer 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

**Vervolg van verlede week****DANIËL 7**

**7:13,14, die Seun van 'n mens** - Ons word nou eers getroos met die gesig wat Daniël sien van Christus wat van bo, met die wolke kom, soos Satan en die wat syne is uit die diepte opkom. *Terselfdertyd word ook teruggegryp na Sy verhoging, as Hy die hemelse heiligdom betree met die Hemelvaart.*

Van Hom profeteer Gen 3:15 al met die Moederbelofte. In die plek van die eerste Adam, wat die stryd teen die slang verloor, kom Hy as Oorwinnaar oor die dier. In Hom oorwin die mens die slang.

Hy word aan Daniël getoon as die Seun van 'n mens. 'n Diepsinnige uitdrukking. Christus het Homself 81 maal so genoem. Hy is die vervulling van die Profete. Dit beteken dat Hy *waaragtige mens* was – ons menslike natuur werklik aangeneem het. Hy is die Seun van God, wat hier die "Oue van dae" genoem word. Christus is ook Self waaragtige God. As tweede Adam kom Hy om te red, en Hy kom doen dit as die werklik mens-geworde Messias:

1 Kor 15:21 – "Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens." Klem val hier op die woord **mens**. Christus alleen kon hierdie oorwinning behaal. Christus gebruik die uitdrukking "Seun van die mens" met die oog op die toekoms. Dit is Hy wat kom om te oordeel.

Waar in die wêreldryke die mens verdierlik het, is Jesus die Seun van die **mens**. Hy is soos God ons geskape het, sonder sonde en volmaak. Hy kon die heilige nabyheid van God ingaan sonder vrees.

Ons het 'n heerlike versterking, om so 'n magtige Verlosser te hê. Wanneer Hy weer kom, is dit om die magtige dier te verpletter. Die goddelose staatsmag sal swig voor Sy ewige heerskappy. *Hy is waardig om die krag, rykdom, wysheid, sterkte, eer en heerlijkheid en lof te ontvang (Openb 5:12). Sy koninkryk en Sy regering sal ewig duur.*

Dat Daniël Hom sien kom op die wolke, is 'n direkte profesie van die Wederkoms. Soos Hy opgevaar het na die hemel, so kom Hy terug. Totius skryf digterlik hieroor: "Geseënde wolk wat Jesus na die hemel gedra het ! Wat 'n uitnemende diens ! Jesus sou nie langsamerhand in die lug verdwyn, totdat daar niks meer as 'n stippel sigbaar was nie. Nee, in sy volle, verheerlikte gedaante sou die wolk Hom uit die oog van sy dissipels wegneem. En eenmaal as Hy

kom, sal Hy nie soos 'n stippel verskyn nie. Nee, 'n wolk sal Hom bring, en as ons weer kyk – is Hy daar ! Heerlike wolke ! As ons julle sien, dan gaan ongemerk ook hierdie gedagte deur ons siel: "Met 'n wolk sal Jesus kom."

Nou sug die gemeente nog as 'n weduwee in die woorde van Ps 55:7 – "Ag, had ek maar vlerke soos 'n duif, dan sou ek wegvlieg en wegbly !" Sy sal bid: "Gee aan die wilde diere die siel van U tortelduif nie oor nie" (Ps 74:19). En haar gebed sal verhoor word. Onse HERE sal met die asem van Sy mond Sy vyande verdelg, en Sy Bruid die heerlijkheid in voer.

**7:15-18** – *Daniël is as't ware deel van die gesig wat hy sien, en in sy onrus kan hy sy vraag aan een van die "howelinge" stel. In kort word vir hom verduidelik van die aardse koninkryke wat kom en dan vergaan, en sekerheid word gegee dat die gelowiges sal oorwin. Wie die ryke is, het ons reeds behandel.*

**7:19 – 27.** *In besonder word Daniël ingelig oor die vierde dier en die tien horings.*

**7:20,24** – Die ryk van Antichris gaan alle regering wat bestaan wil saambind in 'n sataniese eenheid, groter as al die ryke wat voor dit was. Die Woord van God staan oor hierdie dinge vas en onveranderlik: dit sal eindig. *Hoe verklaarders daarby uitkom, kan ek nie albei nie, maar net soos Totius stel die BVA dat die eerste ryke Oosters is of was, en die laaste een uit die Westerse wêreld. Waarskynlik is dit uit die verklaring van Hfst 2 waar die voete van Nebukadnesar se droombeeld klei gemeng met yster is: dit is verklaar as die Germaanse kultuur wat in 'n groot mate sou leen by die Romeinse kultuur, nadat die Germane die Romeinse Ryk oorwin het.*

**7:25-27.** *Teenoor wat ons lees van die einde van die vyand, staan ons uitverkiesing vas. Die wat nie die dier se beeld aanbid nie, se name is opgeskryf in die Boek van die Lewe, en sal nie daar uitgewis word nie.*

**7:25, 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd** – *Daarvoor moet gegaan word na die verklaring hiervan wat ons behandel het by Openb 12:14. Hoofsaak is dat God die tyd van vervolging sal inkort (Mark 13:20).*

**woorde spreek teen die Allerhoogste** – *Hierdie woorde herinner aan 2 Thess 2:4, dat Antichris homself sal wil verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is.*

*Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

6 Feb. 1838– Piet Retief en die Voortrekkers saam met hom deur Dingaan vermoor; 7 Feb. 1959– Dr. DF Malan oorlede; 9 Feb. 1941– Dr. JD Kestell oorlede; 11 Feb. 1859– Stigting van die Gerf kerk Rustenburg as begin van die GKSA; 12 Feb. 1972– Dr. AD Keet oorlede; 16 Feb. 1838– Dr. A Pannevis gebore; 16 Feb. 1905– Verplasing van die Teol. Skool na Potchefstroom; 18 Feb. 1546– Maarten Luther oorlede; 19 Feb. 1896– Dinamiet-ontploffing in Johannesburg; 21 Feb. 1877– JD du Toit (Totius) gebore